

**SKRIFGEDEELTE: ROMEINE 1:8-32**

**FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 1:16, 17**

## **God se goeie nuus vir ellendige mense**

Van die dinge wat Paulus vir God se kind wil sê, is Romeine 7 is beslis nie die maklikste gedeelte nie. Die apostel se gedagtegang word daardeur beheers dat die wet beslis nie sonde is nie. Die lelike van die sonde lê nie in die wet nie, maar by elke sondige mens. As die wet sê jy mag nie begeer nie, dan word jy bewus van die sonde van begeerte. Juis dan is die kwessie van begeerte erger in 'n mens se lewe. Dit gebeur nie omdat die wet as sodanig die probleem is nie, maar omdat die wet wat verbied én gebied, die sondige begeertes in die mens nie onderdruk nie, maar juis aanwakker en aanmoedig. Eintlik is dit deur die goeie (die wet) dat die sonde die slegte in die mens bereik.

Lees jy verse 17–24, dan besef jy dat Paulus jónú nie in die eerste plek blameer nie, maar dat hierdie omkeer van goeie bedoelings juis in sy eie lewe afspeel. Die andersom van die menselewe is tog so hartseer en bring baie keer soveel lelike neigings in jou na vore. Die woorde “Ek begryp self nie wat ek doen nie” (vs 15) vertel iets van die diepste hartseer en stryd in God se kind se lewe.

Dit is 'n hartseer prentjie – my lewe wat so maklik onderstebo draai. Die wil om die goeie te doen, is daar, maar ek doen dit nie. Aan die ander kant, die verkeerde wat ek nie begeer om te doen nie, dit doen ek. Hoe deurmekaar kan 'n mens se geestelike lewe tog nie wees nie! Dit gebeur veral as jy probeer om God se wet uit jou eie krag na te kom. Dan is jy 'n stukkende mens. Om die waarheid te sê, jou toestand is erger as net stukkend – jy is eintlik lewendig dood.

Hoe nou gemaak? Wat is die goeie nuus dan? Jy moet leer roep: “Ek, ellendige mens!” Ek en die wet alleen is 'n situasie wat ek nie kan hanteer tot Gods eer nie. By God is daar egter hoop – Hy maak jou nuwe lewe moontlik deur Hom wat die wet vervul het, Jesus Christus. Dit is Hy wat jou van jou doodsbestaan verlos en jou jou deurmekaar doen en late vergewe!

*Sing: Psalm 38:1, 4*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*